Hoekom ek met Simbras boer Basterkrag! En melk.

Passie

Philip Vermaak

Ek is ‘n ou wat hou van proewe doen, wat graag wil uitvind, wat wil WEET. In 1994 koop my Pa ‘n Simmentaler-stoet; so twintig koeie en ‘n bul. Hy vra dat ek rekord hou, en ek melk ook die Simmentalers. Hulle toon goeie temperament en het goeie melk.

Later verloor ek belangstelling in die stoet. Ek trou, ons het kinders en ander verantwoordelikhede raak belangrik. My passie bly egter beeste.

In 1998 koop ek uiteindelik 400ha “beesgrond”. Dit is werklik ‘n droom wat waar word en waarvoor ek altyd dankbaar sal bly.

Van die Simmentaler en Simmentaler-basters trek saam - ‘n geskenk van my Pa. Ek koop stoet-Afrikaners en goeie Bonsmaras, en daar begin die stoei met myself oor watter tipe bees ek dan regtig mee wil boer.

Dit was nog altyd vir my belangrik dat elke bul wat ek nog ooit gekoop het ‘n geregistreerde dier moes wees, want ek glo dat kwaliteit homself verkoop.

Ek koop ‘n Simmentaler-bul vir my 40 koeie, en daarna ‘n rooi Brahman (want ek het nog altyd van rooi beeste gehou). Die kruiskallers groei en ek gaar jaar na jaar data op oor speengewigte en groeitempo.

Maar ek jeuk om meer uit te vind oor dié ding waaroor beesboere gedurig stry: Watter ras is die beste? Party boere glo in Bonsmara, ander in Beefmaster en ‘n man, wie se opinie ek hoog aanslaan, sê solank hulle bietjie ore het.

So koop ek uiteindelik ‘n uitstekende Bonsmara-bul (want ek het dan goeie Bonsmara koeie). Ek koop 13 geregistreerde Beefmaster-verse en ‘n Beefmaster-stoetvaar. Hulle lewer goeie melk, het ‘n goeie temperament en die kalfgewigte is nie te sleg nie.

Toe hoor ek van die Simbra en sy basterkrag en ek koop’ n bul.

Die kalfies lyk maar pateties klein by geboorte, maar na twee maande staan hulle kop en skouers bo die ander uit. Maar nou ja, die skaal moet wys want ek is moeg van luister na stories!

So het ek alles op my plaas om vir myself die saak uit te maak; Bonsmaras, Beefmasters, en my ou Simmentaler- en Brahman-koeie, en natuurlik ook basterboerkoeie, soos die gestoei aangegaan het. (Hier wil ek net verduidelik dat ek baie lief vir Bonsmaras is. Hulle het uitstekende moedereienskappe en temperament, net soos die Beefmasters). Maar die skaal praat en ek glo nie om vir myself te lieg nie!

Mettertyd het ek gesien die Brahman/Simmentaler-kruise is altyd swaarder en as jy jaarliks die verskillende rasgroepe se speengewigte bymekaar sit, is die Sim x Bra-gewigte konstant 35-40 kilogram hoër as die ander beeste op dieselfde plaas en met dieselfde weidingsbestuur.

Toe lees ek van ‘n Switserse studie oor Simmental-melk, waarin hulle die teenwoordigheid van CLA, Omega 3 en A2-kaseïen bespreek. Hoe sê hulle? Sonder (goeie) melk kan die beste kalf nie groei nie! Dit is nog een van die positiewe eienskappe van Simbra-melk.

So is my saak uitgemaak; op my plaas en onder my bestuur is daar net een ras waarmee ek kan boer om winsgewind te boer. Nou en dan moet jy een uithaal vir temperament, maar wys my ‘n ras waar jy nie moet nie! Ek skryf hierdie (skaal)feite toe aan goeie melk, goeie moeders wat sorg en basterkrag.

Dus MOET die ander rasse op die plaas nou plek maak vir die **Simbra**!